



## Resensies

- Durand, Jaap. 2005. **Doodloopstrate van die geloof: 'n perspektief op die Nuwe Hervorming.** Stellenbosch: African Sun.  
(*J.H. (Amie) van Wyk*) ..... 157
- Van der Walt, B.J. 2007. **Transforming power: challenging contemporary secular society.** Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.  
(*Sarel van der Merwe*) ..... 162

## Fokusresensies

- Smit, G. 2006. **Ek is geskei: tel die drade weer so op.** Wellington: Lux Verbi.BM.  
(*Gustaf Pretorius*) ..... 167
- Fuller, Cherri. 2006. **Oorkom jou vrees.** Wellington: Lux Verbi.BM.  
(*J.A. van den Berg*) ..... 170
- Nolte, Coenie. 2007. **Wanneer God in my pyn verdwyn.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.  
(*Jaco Putter*) ..... 172
- Nel, Malan. 2006. **Stories van hoop.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.  
(*H.S. Coetzee*) ..... 174
- Watkins, James N. 2006. **Verhoudings – liefde – seks: vir die jongklomp.** Wellington: Lux Verbi.BM.  
(*L.J. Buys*) ..... 175





## Resensies

**Durand, Jaap. 2005. Doodloopstrate van die geloof: 'n perspektief op die Nuwe Hervorming.** Stellenbosch: African Sun. 110 p. Prys: R125,00. ISBN: 1-919985-19-0.

**Resensent:** J.H. (Amie) van Wyk  
Navorser Skool vir Kerkwetenskappe,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

In agt hoofstukke tree Jaap Durand in debat met die standpunte van die Nuwe Hervormers, wat in Suid-Afrika, veral in die noordelike deel van die land, soms groot invloed uitoefen.

In Hoofstuk 1, met die titel, *Veranderende landskap*, wys die skrywer op die geloofskok wat die (NG) kerk in Suid-Afrika ervaar het ná die Bybelse regverdiging van apartheid, enersyds, maar daarna die afwysing daarvan as sonde, andersyds. Dit was vir vele 'n ontugterende ervaring. Ons postmoderne tyd word gekenmerk deur voortdurende vraagstelling.

In Hoofstuk 2 word gekyk na *Die Nuwe Hervorming en 'n omstrede God*, want nie net die geloofwaardigheid van die kerk nie, maar die idee van 'n "God" word tans bevraagteken. Die idee van 'n almagtige en liefdevolle God word immers ondraaglik in die lig van soveel lyding op aarde; daarby laat die mens se uitbreidende kennis nie meer ruimte vir God nie. Rasionaliteit vervang godsdiens as verklaring van die wêreld. Dit is begryplik dat 'n aantal (maar 'n minderheid) Afrikaners die keuse ten gunste van 'n geslote wêreldbeeld gemaak het. Durand wys in hierdie verband op die publikasie van die "omstrede" boek van Andries van Aarde oor Jesus, *Fatherless in Galilee*. Hy merk veelseggend op dat "nadat sommige van die oorspronklike ondersteuners koue voete gekry het" (p. 21), word die beweging van die Nuwe Hervorming (NH) op hierdie stadium ondersteun deur Piet Muller, Sakkie Spangenberg, Hansie Wolmarans, Pieter Craffert en Pieter Botha. In hulle visie en

missie word onder andere vermeld dat alle godsdienste en gelowe kultuurprodukte is en dat daar geen ewige waarhede bestaan nie.

Hoofstuk 3 handel oor *Wêreldbeeld en 'n meesterverhaal*. Die NH wys daarop dat die meesterverhaal van die Bybel (skepping-sondeval-herskepping) premodern is. “Spangenberg stroop alles in die Bybelverhale wat nie strook met wat hy as elemente van 'n moderne wêreldbeeld beskou nie, van hulle mitologiese inslag” (p. 30). “Die Nuwe-Testamentiese beskrywings van Jesus se geboorte uit 'n maagd, die ontvang van die Heilige Gees, sy hellevaart, sy opstanding en hemelvaart is essensieel mites en kan vergelyk word met soortgelyke mites wat veral rondom die misterie-godsdienste van die Grieke ontstaan het” (p. 31). Daar word ook afskeid geneem van God as Persoon en gedink in terme van panenteïsme. Die NH ontken die invloed van die modernisme, maar die vraag is of hulle nie pens en pootjies binne hierdie denkraamwerk dink nie. Die vraag is verder waarom die naam van die groot Duitse Nuwe-Testamentikus, Rudolf Bultmann, hier ontbreek, want dit was tog hý wat die proses van “ontmitologisering” aan die gang gesit het (p. 34-36)? Durand ontdek by die NH, by alle verskille, 'n “soortgelyke denkraamwerk” (p. 36). Trouens, die NH gaan selfs verder as Bultmann, wat nog die bestaan van 'n persoonlike God en sy transendensie aanvaar het, iets wat deur die NH verwerp word (p. 36, 43).

Hoofstuk 4 stel ondersoek in na die tema *Modernisme en 'n postmoderne geloof*. Hoewel Craffert 'n postmoderne wêreldbeeld aanvaar, probeer hy tog om relativisme te vermy. Tog is dit duidelik: dooie mense kan nie weer lewendig word nie (vgl. die “opstanding” van Jesus). Dit word egter gou duidelik: “Die modernisme kom by die agterdeur in nadat Craffert dit by die voordeur weggewys het” (p. 42). Durand oordeel “die suigkrag van die modernisme is sterker as wat die meeste van ons vermoed. Ten grondslag hiervan lê ongetwyfeld die groot gaping tussen 'n premoderne en moderne wêreldbeeld. Sodra laasgenoemde wêreldbeeld as die enigste ware wêreldbeeld geproklameer word, en daar in modernistiese trant universele geldigheid daaraan verleen word deur 'n soort populêre lewensfilosofie wat al die terreine van die samelewing deursuur, is dit moeilik om dié verlokkeende stem te weerstaan” (p. 43). Durand konkludeer hier dat ook die NH nie hieraan ontsnap nie. “Daar is min twyfel dat die Nuwe Hervormers met 'n fundamentele tweeslagtigheid werk. Hulle staan wel met die een voet in die postmodernisme, maar die ander voet bly stewig in die modernisme geplant” (p. 43-44).

In hoofstuk 5 word aandag gegee aan *Modernisme, geloof in God en 'n wetenskapsideaal*. In hierdie verband toon Durand aan hoe belangrik 'n deeglike kennis van filosofie vir die teologie is. Hy gee 'n beskrywing van hoe die tema van “geloof en verstand” deur die eeue hanteer is en veral by Willem van Ockham (13e/14e eeu) in 'n tweeheid uiteenval. Hierop volg onder andere die empirisme van Francis Bacon (16e/17e eeu) en die rasionalisme van René Descartes (17e eeu). “Deur die wetenskapsidee van rasionaliteit en sintuiglike bewysbaarheid is daar nie alleen met die laaste reste van die ou middeleeuse denksisteem weggedoen nie, maar is die begin aangekondig van 'n denkproses wat met toenemende presiesheid die natuurwetenskaplike metode op alle gebiede van kennis begin toepas het” (p. 53). Daar is net een manier om by die waarheid uit te kom en dit is deur middel van die natuurwetenskaplike metode. Op die Renaissance (15e eeu), wat die mens die maatstaf van alles maak, volg die Verligting (18e eeu) met sy rasionalisme en deïsme. Voltaire, Rousseau en Kant dra by tot die uiteindelijke triomf van die wetenskapsideaal.

Hoofstuk 6 kyk na *Onvoldoende postmoderne reaksie*. Na die twee wêreldoorloë maak die kultuuroptimisme van die negentiende eeu plek vir pessimisme en nuwe denksisteme soos eksistensialisme, logiese positivisme en pluralisme verskyn op die toneel. “Die modernisme misluk om met sy ‘meta-narratief’ of ‘groot storie’ van universele geldigheid van rasionaliteit en wetenskap, 'n antwoord te bied op die mens se behoefte aan 'n sinvolle lewe ... Indien die ‘groot storie’ misluk het om sy geldigheid vir alle mense te alle tye te vestig, kan daar net 'n groot aantal ‘klein stories’ oorbly wat vir bepaalde mense op bepaalde tye en onder bepaalde omstandighede geld. Daarom moet relativiteit die laaste woord spreek” (p. 72). Ook Derrida met sy dekonstruksionisme, verskyn op die toneel en Durand wonder waarom die NH nie spesifiek hieraan aandag gee nie, omdat juis hiér die rasionalistiese arrogansie van die modernisme blootgelê word met die beklemtoning van menslike subjektiwiteit in die kenproses.

Hoofstuk 7 fokus op *Godsgeloof en spiritualiteit*. Durand begin met die belangrike opmerking dat “die wyse waarop mense godsdiens beoefen, hang ten nouste saam met hulle denkbeeld van God. Omgekeerd: Die wyse waarop mense godsdienstig bedrywig is, die aard van hulle spiritualiteit, gee ons 'n idee van watter Godsbeeld agter alles sit” (p. 77). Durand bespreek verder die gnostisisme in hierdie verband asook die Evangelie van Tomas. In al die verskeie gnostiese rigtings is daar een gemeenskaplike faktor: “verlossing

deur kennis” (p. 84). Deur kennis slaag ons daarin om ons van die materiële dinge los te maak en eenheid met die godheid te bereik. Die gnostiese Christus leer ons hierdie kennis van die hoogste God. Die gnostici ontken die liggaamlikheid van Christus en die noodsaaklikheid van versoening. Terwyl die kerkvader Irenaeus hom teen die gnostisisme verset het, het Augustinus dit met die mistisisme gedoen – en Durand met die moderne vorm hiervan in die NH. Want, vra Durand:

wat bied hierdie spiritualiteit wanneer 'n persoonlike God deur 'n onpersoonlike AI, wat ons ten slotte in onself ontdek, vervang word? Dit dreig om om te slaan in 'n binnewêreldse, immanente spiritualiteit waarin jy in jou meditering slegs met jouself besig kan wees, omdat die panenteïstiese AI as die 'misterie van die lewe' tenslotte onbekend is en onbekend sal bly (p. 93).

Hoofstuk 8 bied 'n *Terugblik*. Hierin stel Durand dat dit die modernistiese uitgangspunt van die NH is wat bepalend is vir hulle siening van die Christelike geloof; die gedagte van transendensie word immers deur die modernisme met sy geslote wêreldbeeld uitgesluit. Wat oorbly is dus slegs 'n binnewêreldse spiritualiteit. Nie dat die Nuwe Hervormers Boeddhiste wil wees nie, maar dit word nou 'n aantreklike opsie; dis opvallend hoeveel intellektueles onder Afrikaners juis by die (Zen-)Boeddhistiese aansluiting vind. Dit is duidelik: “die alternatief wat deur die Nuwe Hervorming voorgehou word, kan nouliks binne die grense van die tradisionele Christelike geloof ingepas word” (p. 102). Dis egter belangrik dat die kerk ook hand in eie boesem steek en hom eerlik die vraag moet afvra waarom daar “sulke mense” (met twyfelvrae) is. Het die kerk nie op 'n wettiese wyse met die Skrif omgegaan nie? Die Skrif kan tog nie reg verstaan word buite sy “sentrale bedoeling” en “sinsentrum” om nie, naamlik “die *boodskap* van God se verlossende handeling in die koms, sterwe en opstanding van Jesus Christus wat as die *lewende Woord van God* tot ons kom” (p. 106). Die opstanding van Christus is “'n sentrale moment in die Bybelse skopus” en daarom moet gesê word: “die modernisme se aanslag op die geloof in die opstanding van Christus, is vir Christene ten diepste 'n aanslag op hulle Godsgeloof en daarom hulle geloof as sodanig” (p. 108). Durand wys daarop dat die heftigheid van die aanslag op die Christelike geloof sedert die Verligting toegeneem het en hy konkludeer soos volg: “Die krag, maar ook die sluheid van hierdie aanval bestaan daarin dat dit onder die dekmantel van rasionaliteit geskied wat verskuil dat dit eintlik 'n uitnodiging tot 'n alternatiewe

geloof is – die geloof in 'n werklikheid sonder transendensie” (p. 107).

In *Doodloopstrate van die geloof* toon Durand hom as bekwame dogmatikus asook 'n kundige op die gebied van filosofie. Baie van die standpunte van die NH berus eintlik op voorteoretiese vertrekpunte en op epistemologie. Indien (onbedoeld) rasionalisme as vertrekpunt geneem word, en die Bybel deur daardie bril gelees word, sal die teologiese eindresultaat totaal anders daar uitsien as wanneer iemand van die openbaring van God uitgaan. Gevolglik vind daar in die NH 'n geweldige reduksie van die Christelike geloof plaas. Durand kom tot dieselfde konklusie as waartoe ek in my artikel oor hierdie onderwerp in *In die Skriflig*, 37(3) 2003 gekom het.

Ek is in die gelukkige posisie dat Sakkie Spangenberg sy reaksie op die boek van Durand per epos aan my gestuur het. Daaruit blyk myns insiens twee sake:

Die eerste is dat Spangenberg nie antwoord op die kritiek van Durand dat die NH, klaarblyklik onbewus en miskien selfs onbedoeld, vassit in die greep van rasionalisme nie. Dit ontbreek die NH eenvoudig aan 'n deeglike bewussyn van die rol wat filosofiese voorveronderstellings in teologie speel.

Die tweede saak wat na vore kom is dat Spangenberg Durand verkwalik dat laasgenoemde “nie die omvangryke navorsing rondom die Joodse Jesus ernstig bejeën nie”. Dit is 'n belangrike opmerking van Spangenberg en moet inderdaad ernstig opgeneem word. Durand het nie aan hierdie aspek aandag bestee nie, trouens, dit lê ook meer op die veld van 'n Nuwe-Testamentikus. Hier wag 'n groot taak op die Nuwe-Testamentici, naamlik, *om op grond van die nuwere ondersoeke oor die sogenaamde “historiese Jesus” met die NH 'n debat te voer*. Dat hieraan 'n dringende behoefte bestaan, blyk onder andere uit die feit dat die liggaamlike opstanding van Jesus deur al hoe meer teoloë vandag ontken word ten gunste van 'n metaforiese verstaan daarvan (vgl. byvoorbeeld die artikel van dr. P.J.W. Schutte in die *Hervormde teologiese studies*, (4) 2006).

Dit is insiggewend dat, terwyl die teologie van Bultmann (wat as *ontmitologisering* bekend staan) in Duitsland tans weinig navolging vind, in Suid-Afrika (en die VSA) presies die omgekeerde situasie aangetref word.

Die boek van Jaap Durand word sterk aanbeveel vir alle predikante wat erns maak met die verkondiging van die evangelie in 'n tyd soos hierdie.

**Van der Walt, B.J. 2007. Transforming power: challenging contemporary secular society.** Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. 441 p. Price: R150,00. ISBN: 978-1-86822-511-8.

**Resensent:** Sarel van der Merwe  
Theological College, Mafikeng

Hierdie boek is vir diegene wat erns maak met hulle goddelike roeping om sout en lig van die aarde te wees. Wie bereid is om in gehoorsaamheid konsekwent te getuig teen die sekularistiese samelewing en wêreldbeskouing, sal in hierdie boek die nodige riglyne vind oor hoe om dit te doen. Dit is nie 'n boek wat net eenmaal gelees kan word nie, maar 'n boek wat telkens weer opgeneem moet word om jou eie begrip van 'n reformatoriese (*reformational*) lewens- en wêreldbeskouing te verdiep as antwoord teen die sekularisme. Dit ontbloot ook die Christendom wat telkens sy roeping versak deur homself terug te trek (*escapism*) en in dualisme te verval, wat juis sekularisme bevorder.

Die skrywer wil nie finale antwoorde gee nie, maar eerder riglyne wat elke gelowige in sy/haar amp as gelowige moet uitwerk in die vervulling van sy/haar roeping op aarde, naamlik om dit te bewerk en te bewaak. Van der Walt gee erkenning vir elke individu se eie persoonlikheid en roeping. Hy waarsku telkemale teen 'n verstarde Christendom wat ou antwoorde op nuwe probleme wil gee. Die skrywer sê aan die einde van die boek dat hy gepoog het om die nuwe getransformeerde Christendom te beskryf. Dit is egter, volgens hom, in werklikheid niks nuuts nie, maar slegs die eeu oue Bybelse waarhede wat hy probeer opdiep het (p. 438).

Prof. Rantoa Letsosa is baie positief oor die boek in die voorwoord. Volgens hom moet elke Christen wat relevant in die huidige tyd wil wees, die boek lees, omdat die skrywer die toenemende sekulêre kultuur en samelewing wil transformeer. Daarna gee hy 'n kort oorsig oor die inhoud van die boek, wat baie waardevol is om te lees voordat die boek in diepte aangepak word. Indien daarmee saam



die Inleiding en Hoofstuk 15 gelees word, soos wat die skrywer aanbeveel, het 'n mens reeds 'n voëlvlug oor die boek onderneem en kan dit ingevul word deur elke hoofstuk in diepte te lees.

Die skrywer wil 'n geheeloorsig gee oor die werklikheid en hoe 'n Christen konsekwent-Bybels moet leef om 'n antwoord te gee oor die hoop van sy roeping. In die Inleiding gee Van der Walt 'n goeie definisie van die sekularistiese samelewing waar alle gode gelyk is, waar God nie meer bestaan nie, of bloot uit die samelewing geskryf word. Hy omskryf sekularisme as die godsdiens wat dominant wil wees en die geloof in God/god na die private deel van die lewe verskuif. Die sekularisme wil 'n baie duidelike skeiding handhaaf tussen godsdiens en die samelewing. In hulle poging daartoe, word die sekularisme dié godsdiens wat al die ander verdring. Niemand mag op hulle terrein oortree nie en godsdiens is net beperk tot die sogenaamde geestelike. Die sekularisme slaag uitnemend daarin en baie Christene, en ook navolgers van ander godsdienste, buig hiervoor. Juis daarom is sy ontleding van die huidige tydsgewrig so waardevol, want sovele Christene wat dit goed bedoel, word slagoffer van die sekularisme.

Van der Walt vind dit moeilik om 'n keuse te maak tussen reformasie en transformasie. Transformasie in Suid-Afrika lyk volgens hom baie na revolusie. Hy maak tóg 'n keuse vir transformasie, omdat reformasie vatbaar is vir misverstand, naamlik dat dit klink asof daar altyd teruggegaan moet word na dit wat was en omdat dit dalk na 'n voltooide produk kan verwys. Transformasie wys ook na die verlede, maar wys meer na die toekoms, na dit wat bereik moet word. Hy definieer transformasie verder: dit is dinamies, kontekstueel en differensieel. 'n Christelike antwoord op die Europese kultuur kan nie net so na Afrika oorgedra word nie. Sonder voortgaande transformasie, tree deformasie in. Van der Walt stel dat hierdie boek net 'n baie nederige begin is. Dit moet in Afrika gekontekstualiseer word sodat die Koninkryk van God in die samelewing realiseer.

In elke hoofstuk bespreek die outeur 'n faset van die samelewing, ontleed die mees algemene teorieë daarvoor en kritiseer dit op 'n bekwame wyse. Daarna gee hy 'n Bybelse alternatief wat gebou is op God as Skepper, sy wet wat Hy gegee het en die skepping. Hy toon ook dat sommige godsdienste en lewensbeskouings nie die volle werklikheid van God, sy wet en die skepping aanvaar nie en gevolglik nie die samelewing kan transformeer nie.

Van der Walt bespreek in Hoofstuk 1 James W. Fowler se teorie oor geloofsgroei, en toon aan dat hierdie teorie nie die skerp lig van die

reformatoriese beskouing kan ontkom nie. Daarna gee hy 'n waardevolle teorie oor geloofsgroei en toon aan dat kinders se geloof ook volkome kan wees en later kan ontwikkel tot volwassendheid. Wat my betref is dit sinvol en op die punt. Sonder geloofsgroei kan daar nie sprake wees om 'n getuie te wees en weerstand te bied teen die sekularisme nie. Geloofsgroei is 'n aksie van gelowiges gesamentlik. Om jou kinders in die geloof te laat groei, moet jy hulle laat deel in jou lewenstyl volgens die Woord.

In Hoofstuk 2 word die waarde en noodsaaklikheid van vriendskap bespreek. Van der Walt slaag daarin om die verrykende invloed van ware vriendskap aan te toon. Vriendskap is baie verwaarloos deur die Christendom, en hy stel die korrektief daarop.

Hoofstuk 3 stel dat slegs sending wat 'n holistiese visie het, 'n impak op die samelewing kan maak. Daar is piëtisties te veel net op die siel van die mens gefokus, of net op die Woordverkondiging sonder om die totaliteit van die samelewing in gedagte te hou. Holistiese sending is gerig op die transformering van die samelewing sodat reg en geregtigheid vir almal geskied en armoede werklik betrek word. Van der Walt gee ook aandag aan 'n Christelike filosofie vir die samelewing waarsonder die samelewing nie onder God se Koningsheerskappy geplaas kan word nie.

Die roeping van die kerk om steeds relevant te wees, word in Hoofstuk 4 beskryf. Dit word aangetoon dat die dualisme al eeue lank in die kerk aanwesig is en die kerk irrelevant in die samelewing maak. Die kerk moet sy goddelike identiteit behou om relevant in die samelewing te wees.

In afdeling B (hoofstukke 5 tot 7) bespreek Van der Walt godsdienstige (*religious*) verskeidenheid en onverdraagsaamheid, godsdienstige vryheid en gelykheid, en laastens die godsdienstige uniekheid en verdraagsaamheid. Hy slaag daarin om die uniekheid van die Christendom te behou, verdraagsaam te wees teenoor alle godsdienstige groepe en behou die sendingopdrag van die kerk in al sy diepte en omvang om die samelewing te transformeer.

Vanaf afdeling C (hoofstukke 8 tot 10) ontleed Van der Walt sekularisme in detail en toon die geeste van die tyd aan onder die volgende hoofde: die bedreiging, die eienskappe en 'n antwoord daarop. Hy doen dit baie knap en daar kan met waardering van sy insig in die hele problematiek gepraat word. Hy toon in Hoofstuk 11 die noodsaak aan van Christelike organisasies. Hy bespreek die verkeerde motiewe van sulke organisasie en daarna die uitdaging

wat daar vir die Christene is om mekaar te help om werklik 'n impak op die samelewing te kan maak. Hy waarsku egter teen 'n verkerkliking van die samelewing, want dit lei net weer tot 'n dualistiese lewensbeskouing.

Vervolgens word wetenskaplik studie, sport en die verhouding tussen man en vrou (hoofstukke 12 tot 14) bespreek. In sy wetenskapbeskouing pleit Van der Walt vir transformasie, en nie vir integrasie nie. Hy ontleed al die standpunte en toon elkeen se tekortkomings aan. Dit roep alle gelowiges om konsekwent as volle lidmate deel te neem in hulle soeke na Christelike wetenskap. Hy bespreek sport en dit wat professionele mense sien as sport. Daarna gee hy aandag aan die verhouding tussen die geslagte. Hy bespreek een van die mees algemene teorieë oor geslagtelikheid en toon suksesvol aan dat die evolusionistiese wêreldbeskouing ten grondslag daarvan is. Hy toon ook die inkonsekwentheid van dié wêreldbeskouing aan en gee daarna 'n Bybelse antwoord op die regte verstaan van geslagtelikheid en seksualiteit.

Die outeur sluit af met 'n samevattende hoofstuk waarin hy 'n kort oorsig gee oor sekularisme. Tien swak punte van die hedendaagse Christendom word aangetoon asook wat gedoen moet word om op pad te wees na 'n getransformeerde Christendom. Hy gee die volgende tien agendapunte:

1. Toegewyde Christendom
2. Geïntegreerde Christendom waar 'n geheelbeeld altyd in sig is
3. Betrokke Christendom wat die wil het om 'n impak te maak
4. Ekumeniese Christendom waar kerke saamwerk oor denominasiegrense heen
5. Koninkryks-Christendom waar God se Koningskap oor die hele lewe erken word
6. Radikale Christendom wat alle pragmatiese en oppurtunistiese pogings om te akkomodeer verwerp en 'n duidelike keuse maak om radikaal te leef volgens die Skrif
7. 'n Normatiewe Christendom wat waardes vir die samelewing gee
8. 'n Afrika-gerigte Christendom wat tuis is en die Afrika-kultuur transformeer

9. 'n Visionêre Christendom met 'n Bybels-reformatoriese wêreldbeskouing
10. 'n Sosiaal-betrokke Christendom waar alle arbeid as Koninkrykswerk gesien word

'n Mens kom telkens in hierdie boek onder die indruk daarvan dat die skrywer diep delf en nie blote standpunte stel of die ander se standpunte nie deeglik oorweeg en ontleed voordat hy dit afwys nie. Sy deurleefde Christelike filosofie onderskei die dinge waarop dit werklik aankom. Hy is 'n konsekwente Christen wat daarin slaag om die bedreiging van sekularisme te ontleed en 'n Bybelsgefundeerde antwoord daarop te gee. Hy beklemtoon die foute van die Christendom en die gevolge daarvan. Soms voel dit tog asof hy net pessimisties is en daar in die afgelope 20 eeue niks goeds uit die kerk gekom het nie. Elke hoofstuk staan in 'n groot mate onafhanklik op die wyse waarop hy die temas behandel. Dit is waardevol, want elkeen is 'n afgeronde geheel, maar dit onderbreek tog die gedagtevloei en die eenheid.

*Transforming power: challenging contemporary secular society* kan van harte aanbeveel word. Elke Christen wat gehoorsaam sy roeping wil uitvoer, sal hierin baie stof tot nadenke vind. Trouens, dit stel elkeen in staat om by homself te begin en daarna 'n werklike impak te probeer maak op die samelewing. Indien al die Christene nie erns hiermee maak nie, sal die Christendom sy relevansie verloor juis in 'n tyd wat dit uiters noodsaaklik is dat antwoorde gegee word aan 'n mensheid wat soekend is na sin en betekenis in hulle lewens.

## Fokusresensies

**Smit, G. 2006. *Ek is geskei: tel die drade weer so op.***

Wellington: Lux Verbi.BM. 147 p. Prys: R89,95.

ISBN: 07963-0515-3.

**Resensent:** Gustaf Pretorius  
Kliniese sielkundige, Pretoria

Ds. Guillaume Smit se boek, *Ek is geskei: tel die drade weer so op*, kan beskryf word as 'n praktiese selfhelpboek vir mense wat deur 'n egskeiding gegaan het. Die eerste vyf hoofstukke word gewei aan die leser se emosionele belewenis van die egskeiding asook wenke oor hoe om dit te hanteer. Die tweede helfte van die boek fokus op die belangrikheid van 'n nuwe lewe wat geleef moet word en praktiese wenke oor die kwessies waardeur iemand na 'n egskeiding worstel word gebied asook sake waarop gelet moet word om weer te kan opstaan.

Smit ontmoet die leser aan die begin van die boek by daardie donker emosionele put waarin so baie mense vasgevang voel na 'n egskeiding. Hoofstuk 2 handel oor die ingewikkelde emosies en hoe om dit te ontknoop. Konstante depressiewe gevoelens is die tema van Hoofstuk 3 en 'n aantal moontlikhede om dit te hanteer word aan die leser gebied. Een van die belangrikste take om na 'n egskeiding te hanteer is nuwe besluite. Hoofstuk 4 handel oor daardie besluite wat die geskeide leser behoort te maak. Hoofstuk 5 behandel die pad van rou wat elke geskeide persoon stap en 'n model vir die fases van rou word in hierdie hoofstuk behandel.

Hoofstuk 6 fokus op die beginsels van motivering vir verdere oorlewing. Selfbeeldkwessies word in Hoofstuk 7 behandel en moontlikhede vir hoe om weer te begin uitreik na ander mense is die kern van Hoofstuk 8. Een van die mees private kwessies, naamlik die geskeide persoon se seksualiteit word in Hoofstuk 9 aangeroe. Verdere groei en hoe om bo ons omstandighede uit te styg word in Hoofstuk 10 behandel.

Die kernvrae wat die skrywer behandel is dus: Hoe verstaan ek waardeur ek gaan? en Is daar hoop ná my egskeiding?

Die boek lees redelik maklik en die konsepte wat die skrywer behandel is maklik verstaanbaar en goed uiteengesit. Die kwessies wat bespreek word is algemeen relevant en dit wissel van abstrakte konsepte tot meer praktiese toepassings. Een van die pluspunte van die boek is dat dit oorwegend praktiese wenke bevat sonder om té intellektueel en abstrak na sekere kwelpunte te kyk, hetsy dit emosioneel, geestelik of met die alledaagse lewe te make het.

Die boek handel oor mense se situasies met deernis en empatie sonder om té teologies of enigins veroordelend oor te kom. Die skrywer bied die leser hoop sonder om té optimisties voor te kom. Die skrywer gebruik die verhale van mense wat deur die proses van egskedding gegaan het om die onderskeie temas te behandel. Veral die eerste helfte van die boek help die leser om te begryp waardeur hy/sy gegaan het of dalk gaan worstel indien hy/sy 'n egskedding oorweeg.

Daar is 'n warboel emosies na 'n egskedding betrokke en die meeste mense weet glad nie hoe om die stukke van hulle lewe weer op te tel, of eers waar om na antwoorde te begin soek nie. Dit is gewoonlik hierdie emosies wat mense ontmagtig laat voel in hulle poging om staande te bly. Dit kan veroorsaak dat hulle vashaak in 'n oorlewingstryd wat oor die langtermyn 'n getuienis van verslaentheid en 'n onvermoë om die verlede te verwerk word. 'n Boek soos hierdie kan lesers wat pas deur 'n egskedding is of selfs oorweeg om deur 'n egskedding te gaan, help om die kwessies wat ter sprake is te deurdink en selfs tot 'n mate te verwerk.

Die volgende vrae word onder meer in die boek behandel:

- Ek is geskei – wat nou?
- Hoe verstaan ek my gevoelens en waar gaan dit heen?
- Hoe kan ek my depressiewe gevoelens hanteer?
- Ek weet ek moet weer keuses en besluite maak, maar hoe maak ek dit? Wat is belangrik in die keuses wat ek maak?
- Hoe werk my rou? Gaan ek ooit ophou sleg voel?
- Hoe begin ek weer opstaan en hoe oorleef ek?
- Hoe kan ek weer begin leef?
- Ek voel nie goed oor myself nie, maar ek wil so graag – hoe doen ek dit?

- Hoe maak ek weer kontak met ander mense? Hoe maak ek weer vriende?
- Ek is nou 'n enkeling, wat is die regte ingesteldheid oor seks en my seksualiteit?
- Hoe kan ek weer groei sodat ek nie net op een plek vashaak in my lewe nie?

Geen boek oor hierdie tema kan elke mens se besondere behoefte tydens so 'n seisoen in hulle lewens volledig behandel nie. Wat positief is van 'n kort maar kragtige boek soos hierdie, is dat mense wat in 'n depressiewe tyd leef en met ingewikkelde emosionele en sosiale kwessies worstel nie nog tyd het om deur dik volumes boeke te worstel om alledaagse probleme op te los nie. Hierdie boek behoort iemand wat bereid is om te begin om hulle situasie vierkantig in die oë te kyk, die nodige wegspringwenke te gee. Iemand kan die boek op sy/haar eie deurwerk of saam met 'n gekwalifiseerde en ervare berader, of professionele persoon soos 'n sielkundige.

*Ek is geskei: tel die drade weer so op* is nie net van toepassing op mense wat onlangs deur so 'n ervaring is nie, maar ook vir diegene wat al lank worstel met die gevolge van 'n huwelik wat verbrokkel het en nog nie kans gesien het om by iemand uit te kom om deur die emosionele worstelinge te werk nie.

Wanneer mense depressief voel en wanhoop elke dag op die drumpel wag, is dit moeilik om besluite te maak as hulle die energie moet soek om vorentoe te gaan. Die skrywer het 'n besondere manier om lesers aan te moedig met wyse raad, ook vanuit God se Woord. Die meeste mense wat deur 'n egskeiding gaan, worstel ook met skuldgevoelens, veral as dit van sy/haar kant geïnisieer is. Dit is belangrik dat mense beseft dat God hulle nie veroordeel nie en dat hulle verhouding met Hom na 'n egskeiding kán herstel.

In die laaste hoofstuk moedig die skrywer diegene aan wat 'n egskeiding oorweeg om die besluit te heroorweeg en weer aan die huweliksverhouding te probeer werk. Dit is gepas om die boek so af te sluit, maar hy maak ook eers die stelling dat daar wel in die Bybel gronde gegee word vir egskeiding en dat ons huidige samelewing 'n groot bydra lewer tot die verbrokkeling van verhoudings en dus ook van huwelike.

**Fuller, Cherri. 2006. Oorkom jou vrees.** Wellington:  
Lux Verbi. BM. 238 p. Prys: R99,95. ISBN: 0 7963 0478 5.

**Resensent:** J.A. van den Berg  
Departement Praktiese Teologie,  
Universiteit van die Vrystaat

In haar boek, *Oorkom jou vrees*, wil Cherri Fuller die leser begelei om sterker te wees as vrees. Dié outeur (van 30 boeke) en bekende motiveringspreker, bied in hierdie boek aan die leser perspektiewe om, net soos die uitbeelding van die lugballon op die voorblad, na hoër vlakke van funksionering te styg.

In die eerste aantal hoofstukke word vrees en die rol van vrees in elkeen se lewe beskryf. Die outeur, met haar oog op die Christenvrou se hantering van vrees, beklemtoon God se mag oor vrees. In die daaropvolgende hoofstukke word bepaalde praktiese perspektiewe vir die oorkoming van vrese gebied – vrese oor kinders, geldsake, verhoudings wat seermaak, om te vlieg, kinderjare, mislukking, gesondheid en ramspoed. As hierdie vrese oorkom word, word die leser ten slotte gelei om die avontuur van die lewe in voor- en teespoed aan die hand van God te betree.

Die hoofstukke word deurlopend verryk met verhale wat die outeur óf self beleef het, óf wat aan haar oorvertel is. Wat opval is dat Fuller bereid is om met die leser persoonlike ervarings in haar eie lewe te deel. Hierdie en ander verhale versterk die integriteit van die boek, deurdat dit aan die leser die geleentheid bied om te kan identifiseer met die onderskeie karakters en die vrese wat in die onderskeie verhale uitgebeeld word. Daaglikse lewensproblematiek word deur die verhale uitgedaag en verwoord positiewe uitkomst.

Deur gebruik te maak van aanhalings van bekendes, wat op 'n keurige wyse in die onderskeie hoofstukke ingebed word, word die teks en die fokus van die hoofstukke verder versterk. Lesers word ook in die onderskeie hoofstukke met praktiese raad bedien: van die skep van 'n sogenaamde “vredespakkie” met beloftes uit die Woord, 'n aanbevole webtuiste vir verdere inligting tot oefeninge en gespreksvrae word die leser bemaagtig om vrees te oorwin. Riglyne vir verdere studie en 'n bespreking kan aanbeveel word vir die individuele leser, asook vir die gebruik in Bybelstudiegroepe.

Die outeur bied deurlopend in al die hoofstukke sogenaamde “Lewenslyne van God se Woord” wat bepaalde Skrifbeloftes bevat.



Alhoewel dit die onderskeie hoofstukke stewig in die Woord van God anker, sal Bybelwetenskaplikes waarskynlik ongemaklik wees met die kontekslose gebruik van Bybelse verwysings. Dié teksgebruik kan na my mening aanleiding gee tot die formulering van teologiese perspektiewe wat somtyds problematies is. 'n Voorbeeld hiervan word onder meer aangetref wanneer die outeur bepaalde teksverwysings reglynig in verband bring met die hantering van die vrees oor geldsake.

Alhoewel die outeur die leser met praktiese perspektiewe in die oorkoming van vrees bedien, is hierdie werk sterk vanuit 'n Amerikaanse konteks geskryf met teologiese beklemtonings wat nie altyd verantwoord is nie. Teologiese aksente wat vir sommige lesers vreemd mag voorkom, word onder meer gevind in die verhaal oor die genesingsdiens. Sommige lesers mag ook voel dat die verhouding tussen geloof en sielkunde duideliker omskryf behoort te word wanneer die skrywer onder meer tegnieke van desensitisasie beskryf. Die beskrywing hiervan eggo terselfdertyd 'n sterk metodiese aksent.

Wat die redaksionele versorging van die werk betref, is die logika vir die volgorde van die onderskeie hoofstukke onduidelik. Verhoudings word byvoorbeeld eers hanteer, dan word 'n hoofstuk oor die vrees vir vlieg hanteer voordat na die vrees uit die kinderjare teruggekeer word. Die werk wat vanuit die oorspronklike Amerikaans na Afrikaans vertaal is, lewer plek-plek formuleringsprobleme op deur verkeerde vertalingsmoontlikhede wat gebruik is en lomp sinskonstruksies. Dit is jammer dat die taal en formulering in die boek nie beter versorg is nie.

*Oorkom jou vrees* is nie bedoel om die teologiese wêreld met nuwe akademiese insigte te verryk nie, maar kan as populêre-selfhelpboek vir lesers tot betekenis wees. Veral individue wat met vrees worstel kan hierby baat vind en dit kan ook met vrug in Bybelstudiegroepe gebruik word, veral indien dit krities-evaluerend gebruik word.

**Nolte, Coenie. 2007. Wanneer God in my pyn verdwyn.**  
Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 167 p. Prys: R89,95.  
ISBN: 0796303959.

**Resensent:** Jaco Putter  
Leraar: NG Kerk Humansdorp-Oos

*Wanneer God in my pyn verdwyn* is 'n boek wat die verhaal vertel van 'n "godsbeeld" wat afsterf in die oomblik van krisis, maar ook geloof in die onsterflike God wat terselfdertyd wedergebore word. Hierdie boek gee die persoonlike ervaring van 'n pa weer en dit is nie noodwendig hoe alle mense die effek van selfmoord sou ervaar nie, alhoewel lesers spontaan met temas kan assosieer. Die boek toon aan hoe "godsbeelde" wat gefabriseer is deur die interpretasie van die Bybel, die Kerk en mense sterk bevraagteken word in tye van verlies: dit bied geen hoop nie! Die skokkende werklikheid van sy dogter se selfmoord dryf 'n pa om op 'n eerlike en reguit manier sy gedagtes te verwoord. Die gedagtes van die skrywer handel oor die emosionele en geestelike proses waardeur hy gegaan het. Hierdie "blootstelling" is juis om vir ander wat deur dieselfde worsteling gaan iets te beteken. Die inhoud handel oor 'n pa wie se geloof in God gesterf het die nag toe sy dogter selfmoord gepleeg het. Dit is nie 'n boek om antwoorde op vrae te bied nie, maar verwoord die verwarring en pyn wat sy dogter se selfvernietigingsdaad oor hom gebring het.

Coenie Nolte bevraagteken die huidige diskoerse oor selfmoord, pyn en geloof en soek alternatiewe antwoorde op hierdie diskoerse wat tans nie bevredigende antwoorde bied nie. Die effek van selfmoord op 'n gesin kom duidelik na vore en vind uitdrukking in die magtelose hopeloosheid sonder kitsoplossings. Sekere "waarhede" verdwyn en word vaag soos wat die outeur na antwoorde soek in die "status quo", diskoerse van die kerk, die Bybel, ander materiaal en filosofieë. Die inhoud handel oor die verband tussen menslike pyn en verlies en die rol wat God hierin vertolk (of die rol wat die mens aan God sou toedig). God word in hierdie boek tot verantwoording geroep en verklarings word gesoek vir God se aandeel in die gruwelose gebeurtenis van selfmoord.

*Wanneer God in my pyn verdwyn* is 'n boek wat lankal die lig moes gesien het. Gelowiges word uitgedaag om vrae te vra oor dit wat hulle glo, nie met die doel om hulle geloof te verloor nie, maar eerder om soos Job God te kan sien! Dit kan ook mense wat in soortgelyke situasies of in enige ander vorm van pyn of verlies is,

help om heel te word. Die boek kom plek-plek eensydig swartgallig voor, maar help buitelanders om die effek van verlies beter te begryp. Die boek is nie werklik 'n boek van hoop nie. Lesers wat hoop soek, sal dit nie noodwendig in hierdie boek direk vind nie, behalwe die hoop dat onsekerheid 'n gegewe is.

Wanneer gelowiges die boek met die eerste oogopslag deurlees, mag hulle dalk bedreig word deur die reguit vroe en dekonstruksies oor antwoorde wat ons soms "te maklik" aangebied word in krisistye. Lesers wat self deur pynlike ervarings van verlies, selfmoordpogings en/of selfmoord in hulle gesinne gegaan het, sal baat vind by die openheid waarmee die skrywer die tema hanteer.

Lesers sal hierdie boek op verskillende maniere ervaar vanweë elkeen se eie unieke lewenswêreld en die betekenis wat daaraan geheg word. Die leser moet duidelik beseft dat sommige van die standpunte in hierdie boek nie algemene waarhede is nie, maar die persoonlike ervaring van 'n pa. Die outeur dui aan dat so 'n proses met vroe 'n werklikheid is en dat hierdie tipe standpunte en argumente wel tydens die proses van verlies voorkom. Dit is nie waar dat alle mense teleurgestel in God staan nie, sommige mense ervaar God weer in sulke omstandighede as baie naby. Die skrywer kan vir sommige lesers onsamehangend voorkom, veral vir dié wat eerder na vaste grond soek. Ander lesers kan die boek as hoopvol ervaar, juis oor die eerlikheid van 'n werklike menslike ervaring. Die skrywer neem inligting uit verhale van die mitologie, Islam, Buddhisme en ander bronne as metafore van sy eie soektog na antwoorde en hy bevraagteken plek-plek die Bybel krities. Dit toon hoe diep en intens die pyn is waardeur hy moet worstel. Dit is duidelik dat daar iewers in die rouproses so 'n fase is waar mense totaal en al hopeloos voel en selfs God blameer vir alles wat verkeerd geloop het. Op die agterblad word die boek akkuraat opgesom as die verhaal van 'n baie persoonlike reis van 'n getraumatiseerde gelowige.

**Nel, Malan.** 2006. **Stories van hoop.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 224 p. Prys: R89,95. ISBN:1-77000-384-3.

**Resensent:** H.S. Coetzee  
Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord

Ek het met Malan Nel kennis gemaak tydens die aanbieding van die Evangelisasiekursus "Getroue Getuies". Op 'n manier druk hy sy duimafdruk op 'n mens se teologiese denke, wat nie maklik weer uitgevee word nie. Wanneer 'n mens hierdie boek lees, word die stof wat gevorm word deur jou daaglikse besig-wees in die gemeente, weer afgestof.

Benewens 'n bondige inleiding handel *Stories van Hoop* oor sewentien gemeentes waarby Nel op die een of ander manier betrokke is. Vier van die gemeentes is kleiner dorpsgemeentes, twee groter dorpsgemeentes en die res stedelike gemeentes. Al die gemeentes is Nederduitse Gereformeerde of Hervormde gemeentes.

Nel laat predikante uit die gemeentes hulle stories vertel: stories van sukses, maar ook van mislukking; stories van vreugde en van tranes; van worsteling en ook oorwinning.

Vir 'n predikant, teologiese student, kerkleiers en veral vir dié groep mense wat in 'n gemeente met opbou besig is, bied die verhale inspirasie en hoop. Juis omdat die boek nie handel oor die perfekte of voorgestelde perfekte gemeente soos wat 'n mens soms in oorsese literatuur kry nie, het dit soveel meer waarde vir die leser. Die leser kan vanuit sy eie gemeente en werksveld identifiseer met wat hier geskryf is. In sommige van die verhale word handige wenke gegee, maar bo alles loop daar een lyn deur die verhale, naamlik die duimafdruk van Malan Nel: Die kerk bestaan nie vir haarself nie, maar is God se geskenk aan God se wêreld. Die kerk hou haar besig met die Koning se saak en vorm só God se agenda vir die wêreld.

Met 'n vars metafoor beskryf hy die roeping van die kerk as God se "vertoonvenster" in die wêreld. "Nou reeds is elke gemeente 'n openbare vertoonvenster in sy omgewing midde-in 'n God-vervreemde wêreld: so lyk dit waar God regeer. Wat wel waar is, is dat die gemeente vertoonvenster is op 'n sypaadjie waar gesekulariseerde mense met hulle rug op God (en sy vertoonvenster) funksioneer."(p.15.)

Nel fokus ook kortliks op die taak van die pastorale leiers wat uit die gemeente kom en as gawes aan die gemeentes teruggegee word om haar met haar roeping in die wêreld te help.

In die lees van die verskillende verhale word 'n mens gekonfronteer met jou posisie en die gemeente waarbinne jy arbei. Persoonlik het die lees van die boek aan die begin van 'n nuwe jaar vir my nuwe fokus gegee.

Ek kan dit van harte aanbeveel vir elke predikant of kerklike leier wat voel dat die kerk waar hy werk vasgeval het in stagnasie van 'n instandhoudingskultuur. Die boek spreek baie prakties en konkreet vanuit verskillende situasies. Dit vertel van gemeentes met wie die Here 'n nuwe begin gemaak het.

Die boek haal jou uit jou diep groewe van selfgerigte Christenskap en gee inderdaad hoop. Hoop vir gemeentes wat erns maak met hulle bestaansdoel op aarde en daardeur ook hoop vir 'n wêreld wat hulpeloos en hopeloos is.

**Watkins, James N. 2006. Verhoudings – liefde – seks: vir die jongklomp.** Wellington: Lux Verbi.BM. 176 p. Prys: R99,95  
ISBN: 0 7963 0513 7.

**Resensent:** L.J. Buys  
Gereformeerde Kerk Rustenburg-Wes

Hierdie publikasie gaan in op die uiters belangrike en relevante temas waarmee jongmense vandag worstel. Dit hanteer vrae wat jongmense oor verhoudings, liefde en seks het, op 'n uitgebreide en treffende wyse. Die aspekte wat behandel word, sluit die liggaamlike-, verstandelike-, emosionele-, sosiale- en geloofsveranderinge in wat in 'n jongmens se lewe plaasvind. Watkins slaag daarin om in 'n redelike kort publikasie die nodige sake op 'n genoegsame, dog pakkende wyse te hanteer. Watkins het wyd navorsing gedoen, veral oor liggaamlike en mediese feite waarvan 'n mens nie altyd hoor nie.

Die meriete van hierdie publikasie is baie groot. Die meerderheid jongmense worstel met hierdie temas wat juis op hierdie leeftydse fase vir hulle lewensbelangrik is. Elke tiener het hierdie

ingeskape behoefte na verhoudings. Die druk deur maats aan die een kant en ouers aan die ander kant, raak soms vir baie van hulle so onhanteerbaar dat hulle ongelukkig verkeerde, onaanvaarbare en soms fatale uitweë soek. Daarom kan hierdie boek hulle baie help om hierdie brandende kwessies in 'n breër perspektief te sien. Die werk is op 'n vlak wat elke jongmens kan verstaan en die inhoud word op 'n nuwerwetse geselstrant aangebied. Die boek lees maklik en die vraag-antwoordmetodiek wat gevolg word maak dat die boek maklik kommunikeer en goed gebruik kan word vir herlees of vir verdere naslaandoeleindes.

*Verhoudings – liefde – seks: vir die jongklomp* fokus op jongmense wat nog nie in 'n ernstige verhouding met iemand betrokke is nie, asook dié wat onlangs in so 'n verhouding getree het. Dit sluit kinders in vanaf die senior laerskool, (Gr. 6 en 7) tot in die hoërskool, asook naskoolse jongmense wat op 'n vaste verhouding, verlowing of huwelik voorberei. Hierdie is ook 'n baie geskikte boek om ouers te help om hulle tienerkinders beter te verstaan en met liefde en begrip te begelei. Verder kan dit tot groot waarde wees vir predikante en/of jeugwerkers om die jongmense van die kerk in die regte Bybelse rigting te lei. Hierdie boek kan werklik bydra om die sogenaamde generasiegaping wat tussen ouers en tieners ontstaan, te help oorbrug.

Soos reeds vermeld, is hierdie 'n baie relevante werk, waarby enige jongmens wat dit lees, baie kan leer. Dit sal waarde toevoeg tot hulle kennis, aangesien Watkins van betroubare bronne en onlangse relevante wetenskaplike studies gebruik maak. Dit kan jongmense die nodige insig bied sodat hulle meer selfvertroue sal hê om die sosiale druk wat hierdie kwessie meebring, sinvol te kan hanteer. Watkins se raad is baie geloofwaardig, omdat hy baie vertel van sy eie jarelange ondervinding met jongmense.

Wat my die meeste beïndruk het, is die feit dat Watkins nie bang is om 'n Christelike standpunt in te neem nie. Hy staaf sy uitgangspunte gereeld met Skrifverwysings. Hierdie boek is dus nie net uiters toeganklik vir elke Christenjongmens nie, maar Watkins onderskei homself ook van ander skrywers wat eerder versigtig kies vir 'n relativistiese standpunt. Dit bring mee dat hierdie boek nie net bydra tot meer kennis, emosionele- en sosiale groei nie, maar ook die belangrike geloofsgroei stimuleer, wat vir gelowige kinders onmisbaar is. Op hierdie leeftydse fase is baie jongmense soms onseker oor wat God aangaande sekere sake sê. Hierdie geloofsgroei kan meebring dat die gelowige jongmense sodanig in hulle vertroue kan groei, dat hulle hul ongelowige maats met hierdie

boek kan nader en oorreed om 'n positiewe, gesonde, Bybelse groepsdruk te vorm. Dit kan uitloop op getuienis van Christus se lig in ons donker wêreld.

Watkins raak kontroversiële onderwerpe aan, soos die kwessie oor homoseksualisme, wat veral in ons land tans 'n brandende vraagstuk is. Hy handhaaf die Bybelse standpunt sterk, maar bied dit so aan dat iemand wat onseker is oor sy/haar seksuele oriëntasie, ook baat by sy raad sal vind.

Ek het groot waardering vir die wyse waarop hy ouers en jeugwerkers by die aanwending van hierdie boek betrek. Dit is duidelik dat hy ook vanuit 'n ouerlike en kerklike oogpunt redeneer en ook dáár sy invloed wil laat grondvat. Die toepassingswydte van hierdie boek strek dus verder as net die gesin – dit kan vir elke predikant in sy jeugbediening help.

Ek kan hierdie publikasie met die grootste vrymoedigheid aanbeveel vir enige jongmens, ouer en enigiemand wat by jeugwerk betrokke is.

